BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Hartsvrae [Deel 2] – Lewe soos God jou sien

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wanneer iemand vra: "Wie is jy?" —hoe beantwoord jy gewoonlik daardie vraag?**

**Hoe dink jy vorm ons kultuur en mense om ons, ons siening van identiteit?**

**Hoe kan ons mekaar in groepsverband help om ons identiteit in Christus te versterk?**

**Wat beteken dit om "uit jou identiteit" te leef, eerder as "vir jou identiteit" te leef?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees 2 Kor 5:17 en 1 Pet 2:9-10**

- **Hoe verskil God se siening van jou, van hoe jy soms oor jouself dink?**

- **Watter Bybelvers of belofte herinner jou daaraan wie jy werklik in Christus is?**

**Lees Efesiërs 1:3-14**

- **Watter woorde of frases beskryf wat God oor jou sê?**

- **Watter beskrywing staan vir jou uit, en hoekom?**

**Lees Kol 1:3-4**

- **Watter "aardse" dinge kompeteer vir jou identiteit? Hoe kan jy jou gedagtes meer op Christus fokus?**

**Lees Efesiërs 4:22-24**

- **Hoe beïnvloed my identiteit in Christus my verhouding met ander mense?**

- **Watter ou maniere van dink en optree moet jy aflê?**

**Lees Ef 1:7 & Ps 103:12 — God se vergifnis en my identiteit**

- **Voel jy soms nog vangevang in skuld of skaamte? Hoe verander dit as jy weet jou sonde is volkome vergewe?**

**Lees Filipense 3:12-14 — groei in 'n lewe wat my ware identiteit weerspieël.**

- **Hoekan jy daagliks strewe na 'n lewe waarvoor Christus jou geroep het?**

- **Wat sou ander mense sien as jy voluit jou identiteit in Christus uitleef?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem ’n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit ’n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem ’n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**